# Proefskrifbesprekings


Chandler, T 1988. *When were Moses and Abraham?* .............................. 1125
Loader, J A – Koorevaar, H J 1990. *De opbouw van het boek Jozua* 1125-1127


# Boekbesprekings


Beukes, M J du P – Smuts, A J et al 1990. *In gesprek oor die erediens: Teologiese huldigingsbundel aan prof A C Barnard* .............................. 1127-1133
Dreyer, P S – Hazelett, R & Turner, D 1990. *Benevolent living: Tracing the roots of motivation to God* .............................. 1133-1134
Joubert, S J – Du Plessis, I J 1990. *'n Kykie in die hart van God* ......... 1135-1137
Lombard, H A – Kotzé, P P A 1990. *Die brief van Jakobus* ................ 1137-1141
Pelser, G M M – Breytenbach, C 1989. *Versöhnung: Eine Studie zur paulinischen Soteriologie* .............................. 1141-1145
Van Staden, P J – Du Rand, J A 1990. *Johannese perspektiewe: Inleiding tot die Johannese geskrifte* .............................. 1145-1148
Van Staden, P J – Krimmer, H 1989. *Bibelkommentar, Band 21: Johannesbriefe* .............................. 1148-1149
Van Wyk, I W C – Graham, B 1990. *Die Kraft des Heiligen Geistes empfangen* .............................. 1150-1151

# Proefskrifbesprekings

**Chandler, T 1988 – When were Moses and Abraham?**

Unpublished Ph D-thesis, Clayton of Mo., US Department of Education

For Abraham the key is the begats in Genesis. Abraham's Hebrews, Josephus wrote, descended from the Hyksos. So Shem, Abraham's forebear, would be Sharek who brought the Hyksos to Egypt in 1688 BC, an event marked by the 400-year Stele completed by Rameses II just about 1288 BC. Hundreds of years added to lives can be omitted. The resulting table at Genesis 11 brings Abraham to 1396-1321 BC. Cyrus Gordon was close to this date before Chandler, on linguistic grounds and because Abraham's grandson Jacob was taken to 'the land of Rameses' who must be Rameses II, who reigned 1290-1224 BC.

As to Moses, Chandler uses a Greek source to set his birth at 1410 BC and Egyptian and Jewish data to fix his death at 1336 BC. For his Exodus Chandler has seventeen lines of evidence for it close to 1350 BC, probably 1348 BC. He shows the threadbare nature of arguments for dates in the 1400s or 1200s BC.

Thus Abraham and Moses were contemporaries! No wonder their ideas were similar.

The consequences for Bible study are enormous. Freud's book on Moses and Akhnaton stands vindicated. So does Weigall's on the same subject. The early great monotheists did live together. Chandler is indeed the first to see that Ramose, Akhnaton's teacher and chief advisor, on dropping the godname Ra five years into the reign, would have to become Mose, our Moses.

This dissertation, a spare but scholarly 75 pages, could be invaluable for courses on Archaeology, Bible, and History.

---

**Koorevaar, H J 1990 – De opbouw van het boek Jozua**

Gepubliseerde proefskrif vir die graad Doctor in de Protestantse Godgeleerdheid, Universitaire Faculteit voor Protestantse Godgeleerdheid, Brussel. Promotor: Prof H Jagersma

**Resensent: Prof J A Loader**

Hierdie boek is 'n tipiese proefskrif. Daar is lang inleidende besinnings oor strominge, benaderings en rig-

tings en wat hulle sterk- sowel as hulle swakpunte is, om as proloog te dien tot die beperkte onderwerp van die proefskrif, 'n voorliefde vir herhaling, oorsigte, tabelle, skematiese voorstellings en samevattings, verantwoordings – selfs waar die promovendus die ontwikkeling van sy eie idees ietwat outobiografies weergee (bv bl 30).

Dit is egter ook 'n goeie proefskrif. Die kandidaat gaan met selfstandigheid te werk wanneer hy sy saak uiteensit en bou 'n steekhoudende argument vir sy konklusie op.

Hy gaan uit van die eindgestalte van die boek en soek na 'n boodskap daarin wat met die opbou daarvan verband hou. Hoewel hy nie 'n navolger van Brevard Childs se kanonkritiese benadering of van C J Labuschagne se logotegniek (numeriese analise) genoem kan word nie, is die invloed van beide tog duidelik by hom te sien. Koorevaar soek na 'n 'kanonieke boodskap' van die boek en gebruik daarvoor 'n numeriese benadering, as gevolg waarvan die hele studie statisties ingestel is.

Aangesien 'n vergelyking van die vernaamste manuskripte toon dat die *setuma*- en *petucha*-afdelings in die boek nie aan die oorspronklike skrywer van die boek as geheel toegeskryf kan word nie, moet ander maatstawwe gebruik word. Koorevaar lê twee kriteria aan om die hoofafdelings vas te stel: God se inisiatiewe in verband met die inname van Kanaän en afsluitingsgebeure ná uitvoering van dié inisiatiewe. Daar is drie inisiatiewe en vier afsluitingsgebeure wat die aanwesigheid van vier hoofafdelings uitwys:

* 1:1-5:12 (wat sentreer om die Hebreeuse woord vir 'binnetrek');
* 5:13-12:24 (wat sentreer om die Hebreeuse woord vir 'inneem');
* 13:1-21:45 (wat sentreer om die Hebreeuse woord vir 'verdeel');
* 22:1-24:33 (wat sentreer om die Hebreeuse woord vir 'dien').

Dit is opvallend dat die konsonante van hierdie motiefwoorde baie op mekaar lyk.

Nadat Koorevaar die indelings van 124 kommentare aangaande die afdelings van die boek vergelyk en die disparaatheid daarvan (ietwat voorspelbaar) onbevredigend gevind het, bied hy sy eie voorstel wat gebaseer is op die gebruik van die numerieke patroon van die onderafdelings in die groter geheel. Dit werk met die getal 3 en sy veelvoude 6 en 9. Hy ontdek die 'struktureel-teologiese hoofdoel' van die boek in die middel van die derde hoofdeel, waar 'n afdeling oor die ontmoetingstent in Silo (18:1-10) weergegee word, wat in chiasties-konsentriese relasie tot die omringende afdelings staan. Volgens hom is hierdie deel die vervulling van die belofte van Levitikus 26:11-12.

Waar Childs, so betoog die skrywer, nog nie duidelik uiting gee aan die verhouding van die 'teologiese boodskap' en die 'kanonieke boodskap' van 'n Ou-Testamentiese boek nie, kan ons sê dat laasgenoemde byna altyd teologie is, terwyl eersgenoemde nie altyd by die kanonieke boodskap hoort nie (wat dit ook mag beteken en inhou). Die numerieke benadering was egter vir hom 'n goeie middel om die kanonieke boodskap van die boek Josua vas te stel, naamlik die oprigting van die ontmoetingstent in Silo. Hieroor sal daar diegene wees wat met die skrywer sal wil diskusseer, sowel as oor die feit dat hy hom hierdeur gedwing voel om die boek Josua as geheel in die elfde eeu voor Christus te dateer.

Wat duidelik is, is dat die outeur die doktorstitel verdien.

# Boekbesprekings

**Smuts, A J et al 1990 - In gesprek oor die erediens. Teologiese huldigingsbundel aan prof A C Barnard**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 192 bladsye. Prys R48.80

**Resensent: Prof M J du P Beukes**

## 1. DOEL VAN DIE PUBLIKASIE

Die redaksie, professor A C Barnard se kollegas in die Departement Praktiese Teologie (Afd B), Universiteit van Pretoria, het hierdie as 'n huldigingsbundel aan hom opgedra.

Die akademikus, kerkman en mens, A C Barnard, is 'n huldigingsbundel van so 'n omvang waardig. Op die gebied van die Praktiese Teologie het hy reuse werk verrig. Gedurende sy dertien jaar voorsitterskap van die Praktiese Teologiese Werkgemeenskap het hy 'n vriend van al die praktiese teoloë van Suid-Afrika geword.

Hierdie huldigingsbundel is op een vakgebied van die Praktiese Teologie toegespits, naamlik die Liturgiek. Hoewel Barnard in die Ou-Testamentiese wetenskap gepromoveer het, Homiletiek, Kategetiek en Liturgiek gedoseer het, was Liturgiek sy besondere belangstellingsveld. Op die gebied van die Liturgiek is literatuur op Suid-Afrikaanse bodem baie skaars en is hierdie gevolglik 'n baie welkome toevoeging. Dit is literatuur wat beslis aanbeveel kan word vir voorgraadse en nagraadse teologiese studente.

## 2. AANPAK EN VERSORGING

Tien gepromoveerdes in die Praktiese Teologie het elkeen 'n artikel oor een of ander aspek van die erediens geskryf. Die belangrikste aspekte van die gewone erediens is gedek. Dit is jammer dat die redaksie nie een of meer artikels oor besondere eredienste ingewerk het nie.

Aangesien dit tien losstaande artikels is, vorm die boek nie 'n eenheid nie. Die redaksie het seker ook nie beoog om 'n boek te skep wat 'n eenheid is nie. Hoewel verskillende skrywers verskillende temas hanteer wat baie raakvlakke het, kom nêrens oorvleueling voor wat steurend is nie.

Die skrywers het Barnard se boeke en artikels deeglik in die oog gehou. In die artikels is deurlopend met Barnard gesprek gevoer. Daar is van hom verskil, maar oor die algemeen is daar groot instemming en waardering vir Barnard se beskouings oor die erediens.

Taalkundig en ortografies is die boek goed versorg.

## 3. INHOUD EN EVALUASIE VAN AFSONDERLIKE ARTIKELS

3.1 J J de Klerk neem in ''n Liturgiese uitsig op God' sy vertrekpunt by 'n opmerking van Barnard 'By die bepaling van wat in die erediens moet geskied en hoe dit ingerig moet word, is die allesbepalende uitgangspunt dat God die sentrale plek moet kry. Alles wat gesê en gedoen word, moet om Hóm draai, soos die planete om die son. Alles begin by Hom, uit Hom en geskied deur Hom en keer terug na Hom. God is die allesbepalende, die konstitueerder van die erediens' (bl 8). Hierdie teosentrisiteit van God in die erediens teenoor die antroposentriese geneigdheid wat dikwels in die literatuur voorkom, word beklemtoon vanuit die Skrif en die belydenisskrifte. Die vashou aan die teosentriese van die erediens lei tot eerbiedige vrese vir God. 'Die eerbiedige vrese vermy die goedkoop familiariteite en ydele liturgiese handelinge wat bloot verword tot 'n skouspel voor mense wat hulleself wil behaag' (bl 13). Die eerbiedige vrese het verder waaragtigheid, nederigheid en ordelikheid tot gevolg.

God staan in die erediens sentraal as die God van die verbond. Vanuit hierdie hoek gesien, word die erediens bewaar van 'individualistiese, demonstratiewe en willekeurige optrede' (bl 15). In plaas van die individualistiese staan die gemeenskaplike of die individualisties-korporatiewe in die middelpunt.

As God in die erediens sentraal staan, het dit 'n bepaalde erediensvisie tot gevolg. God se bemiddelende handelinge staan in die erediens voorop en nie die antwoord van die gemeente nie. Die mens se handeling

word eers deur God se handelinge moontlik gemaak.

Dit was baie goed om De Klerk se artikel eerste in die bundel te plaas. Met sy aanpak en inhoud lê hy 'n basis waarop al die ander artikels goed kon voortbou.

Wanneer 'n mens van verbond praat, praat hy noodwendig ook van die wet. Die laaste gedeelte van De Klerk se artikel, wat handel oor die wet, was nie in 'n breë besinning soos hierdie nodig nie. Een element van die erediens, hoewel indirek, word so te veel oorbeklemtoon.

3.2 H J C Pieterse met sy "n Erediens-uitsig op die gemeente' toon aan dat in die erediens met God en met die mens rekening gehou moet word.

Wie is die mens in die erediens? Hierdie vraag beantwoord Pieterse op 'n sinvolle prakties-teologiese wyse. Hy beantwoord die vraag vanuit die funksie van die kerk. Die gemeente in die erediens is liggaam van Christus. Hierdie liggaam is kerugmaties, diakonies en koinonies in die wêreld besig. Hierdie liggaam funksioneer eerder korporatief as individualisties. Dit funksioneer veral in groepe. Op grond hiervan sê Pieterse: 'Binne die gemeente moet geleenthede vir gesprek en koinonia binne kleiner eenhede gegee word soos wyksbyeenkomste, broederlike onderhoude in die kerkraad, Bybelstudie- en besprekingsgroepe, jeuggroepe, vrouegroepe, preekbesprekingsgroepe in die erediens en daarbuite, ondersteuningsgroepe, belangegroepe ensovoorts. Die gemeente as liggaam van Christus moet iets van die sel-in-die-liggaammodel weerspieël (Louw, 1980), of van die dialogies-intensionele-sisteemmodel (Louw, 1985:37)' (bl 32).

Pieterse plaas 'n vraag op die tafel waaraan aandag behoort gegee te word. Kan hierdie 'aksie' rondom die erediens nie lei tot groter diepgang in die gelowige se kennis van God en help om die koinoniale bande in die kerk uit te bou nie?

3.3 J A Laubscher toon in sy artikel 'Die Erediens-insig in sy agenda' aan dat die liturgie van die gemeentes in baie opsigte tot 'letargie' verword het. Letargie het die volgende betekenismoontlikede: slaapsug, gebrek aan belangstelling, sufheid, ongevoeligheid en dominerigheid. Barnard se liturgiese bemoeienisse het 'n geweldige bydrae gelewer om die Nederduitse Gereformeerde Kerk se erediens hiervan te bevry. Letargie is die gevolg van gebrek aan insig in die erediens-agenda (verloop). Laubscher pleit vir dinamiese insig in die liturgie deur die liturg en die gemeente. Beide liturgiese teorie en praxis behoort vir die gemeente en die liturg verstaanbaar en hanteerbaar gemaak te word deur liturgiese opvoeding.

Insig in die crediensagenda lei tot deeglike erediensvoorbereiding, erediensbepeinsing, kreatiwiteit, bedrewenheid, spontaniteit, eenvoud, ordelikheid en die regte verhouding tussen vastheid en variasie. 'Die variasie moet gesien word as beweging binne die grense van die hooflyne of grondbeginsels van die Woord. Vastheid of 'n erediensagenda wat te strak en onbuigsaam is, lei tot wettisisme en ritualisme. Variasie wat te vry beoefen word, lei uiteindelik tot willekeur en ongebondenheid' (bl 55, 56).

Insig in die agenda van die erediens het 'n dinamiese erediens tot gevolg. 'n Dinamiese erediens is vir hom, net soos vir Barnard, 'n erediens waar die klem val op God se handelinge in Jesus Christus deur die Heilige Gees.

3.4 Soos in enige goeie boek oor die erediens, word in hierdie bundel ook 'n afsonderlike hoofstuk afgestaan aan die gebed in die erediens.

P J C Loots toon in 'Die plek van die gebed in die erediens' prinsipieel aan dat die gebed 'n wesenlike deel van die erediens is. Naas die prinsipiële plaas hy ook die probleme ten opsigte van die gebed in die erediens op die tafel.

In sy gesprek rondom die formuliergebede slaag hy nie daarin om die wesenlike probleme na vore te bring en goeie oplossings te formuleer nie. Die oplossing is waarskynlik nie die wegdoen met formuliergebede nie, maar korter formuliergebede in moderne Afrikaans wat die wesenlike van die saak beskryf.

Stilgebed in die erediens is 'n vraag. Is dit nie die gemeente as 'n liggaam wat hier saamdoen en nie individue nie? Die stilgebed is beslis voor en na afloop van die erediens gepas. Saam hardop sê van die gebed is ook moeilik in die praktyk werkbaar. Mense sing goed saam, maar praat nie so maklik saam nie.

3.5 J H H du Toit toon aan in 'Vernuwing en die Afrikaanse Psalms- en Gesangeboek' dat die kerklied as die gemeente se eietydse antwoord op die Woord van God nooit klaar geskryf is nie. Omdat elke kerk volgens sy eie aard, in sy eie tyd, met sy eie idioom antwoord op die Woord in die erediens en buite die erediens, sal die kerk altyd skeppend vanuit die Woord besig moet wees met die daarstelling van 'n 'nuwe kerklied'.

Du Toit plaas die relevantste vrae ten opsigte van die kerklied op die tafel. Moet die kerklied uitgebrei word deur die bestaan van proefbundels naas die amptelike bundel? Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het met sy proefsangbundel hierdie pad gevat. Volgens du Toit is dit deur die eeue die aanvaarde kerklike weg.

Net so is dit deur die eeue die aanvaarde weg dat met die oog op 'regte' kerksang buite die erediens,

sangbundels in die besonder met die oog op onder andere huisgodsdiens en jeugbyeenkomste geskep word.

'n Groot leemte in Du Toit se artikel is dat hy nie voldoende aandag gee aan die verhouding tussen inhoud en melodie nie. Die vraag of al die Psalms van die Bybel in die Sangboek opgeneem moet word, moes miskien ook breër bespreek gewees het.

3.6 Op 'n gebalanseerde wyse gee J C Müller aandag aan die 'Vernuwing in die erediens'. Hierdie besinning oor vernuwing van die erediens bly relevant, omdat:

- dit deel is van die reformatoriese kerk se wese om deurlopend te hervorm volgens die wil van die Woord;
- die situasie met die erediens op sigself nie so rooskleurig is soos dit op die oppervlakte lyk nie (bl 107).

Met die oog op sinvolle vernuwing van die liturgie moet met die volgende kriteria rekening gehou word: die Skrifuitsprake, die spore van die verlede, die eise van die moderne mens, die dienskarakter van die liturgie, die feeskarakter van die liturgie en die aktiewe betrokkenheid van die gemeente.

Hoe word vernuwing van die liturgie in 'n gemeente deurgevoer? Müller oordeel soos volg: 'Ware vernuwing in die liturgie is nie iets wat maar êrens vandaan gehaal en op 'n gemeente afgedwing word nie. Dit moet as 't ware uit die midde van die gemeente groei - wat nie beteken dat daar nie ook inspirasie en nuwe idees van elders ingedra kan word nie' (bl 116).

Die volgende daadwerklike poging behoort egter aangewend te word om liturgiese vernuwing te stimuleer:

- 'n Liturgiese bewustheid moet by die gemeente gekweek word;
- die gemeente moet waarlik uit die Evangelie leef;
- die gemeentelede moet self in die erediens en rondom die erediens by die liturgie betrokke wees;
- erediens werkgroepe moet deurlopend die gemeente ten opsigte van die erediens begelei. Hulle behoort moontlike eksperimente aan die gemeente te kan voorlê;
- binne vaste bane behoort die gemeente ruimte vir erediens-variasie te hê.

Müller bly egter in gebreke om aan te toon wat in die erediens vernuwe moet word en hoe dit moet geskied. Met ander woorde - meer praktiese uitbouing was miskien nodig.

3.7 L C Dressel is in die Nederduitse Gereformeerde Kerk bekend as die groot spreekbuis oor die tweede ere-

diens. In sy 'Die tweede diens - doeblet en alternatief' toon hy aan dat die tweede erediens deur die eeue in die kerk voorgekom het, maar in 'n ander vorm as die eerste erediens.

Dressel bepleit die handhawing van die tweede erediens. Hy wil egter dat die tweede erediens se vorm anders as die eerste een s'n sal wees. Hy slaag, myns insiens, nie daarin om hierdie tweede erediens werklik 'n ander vorm te gee nie.

Moet die tweede byeenkoms van die gemeente noodwendig 'n erediens wees? Moet dit nie eerder 'n voortgesette kategesegeleentheid vir belydende lidmate wees nie?

3.8 B A Müller, met 'Die boodskap: soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn' bekyk die vraag hoe die Woord van God Skrifgetrou en belydenisgetrou binne die dinamiese kragveld waarin die kerk en die geloofsgemeenskap leef, ontsluit kan word.

Müller wil sy vraag laat seëvier deur die prediking van die kerk. Hy wys die drang tot aktualisme, fundamentalistiese omgang met die teks, temaprediking en teksfetisjisme af.

Die benutting van 'n perikoop as teks, die regte hermeneutiese arbeid, die intolking in die gemeente-situasie in en die regte vormgewing van die inhoud, kan deur die werking van die Gees dit moontlik maak dat God se Woord opnuut vandag deur die mens gehoor en geglo word.

3.9 Op 'n vars sprankelende wyse sê C J A Vos ou dinge op 'n nuwe wyse oor die hart van die erediens, naamlik die prediking. In sy 'Die ambagsman met sy beiteltjie' slaag Vos daarin om die essensie van preekmaak na vore te bring.

Die preek is Woordgebeure wat onvervangbaar is. Net soos Firet, sien Vos prediking as God se koms na die wêreld in sy Woord in die gestalte van kerugma. Hierdie kerugma is egter multidimensioneel. Dit proklameer die heil van die Vader wat deur Jesus Christus gekom het, maar gee deur die werking van die Heilige Gees mense deel daaraan en vorm hulle om te leef soos mense wat glo in Jesus Christus. 'Die verskillende woorde vir preek is soos die kleure waarmee 'n skildery geskep word' (bl 160).

Die prediker moet die oerteks verstaan. Hierin moet hy oor die teks mediteer. 'Die oerteks word in die proses van meditasie herskep. Die herskepping is nie 'n vervanging van die oerteks deur 'n nuwe teks nie. Die preek is ook nie net maar die herhaling van die oerteks nie' (bl 162). Anders as by Barth, is die hermeneutiese proses vir Vos nie net 'n 'nachzusagen' van die teks nie, maar 'n worsteling met die teks sodat die horison van die oorspronklike hoorders en van die hoorders van die dag een word.

Die preekteks moet in 'n vorm gegiet word om by die hoorders uit te kom. Dit geskied in die vorm van taal. Goeie prediking vra verstaanbare, kreatiewe taal.

Anders as ander beoefenaars van die homiletiek wil Vos nie hê dat alle werklike teologiese begrippe oorboord gegooi moet word nie. Sekere begrippe, soos onder andere genade en barmhartigheid, vorm 'n wesenlike deel van die Christelike boodskap. Hierdie begrippe moet in die prediking behoue bly, maar vir die hoorders vertaal word.

3.10 M Nel sluit die reeks artikels af met 'Die erediens en die wêreld'. Op 'n baie sinvolle wyse toon hy aan dat die erediens nie wêreldafsydig kan en mag wees nie. Die erediens vind plaas deur mense wat uit die wêreld kom en is gerig op mense van die wêreld. Die bedoeling van die erediens is juis om met God se boodskap by die wêreld uit te kom. Die vraag waarom die kerk met sy boodskap net by sy klein kringetjie uitkom, is deur Nel ter tafel gebring en die kerk sal daarmee worstelend op weg moet gaan.

## 4. ALGEMENE EVALUASIE

'In gesprek oor die erediens' is 'n goeie prakties-teologiese publikasie:

- Die Bybelse teologie, met die eer van God as die middelpunt, neem in feitlik al die artikels 'n dominante plek in.
- Die historiese perspektiewe is nie oorboord gegooi nie, maar is positief benut waar dit nodig is.
- Die konkrete situasie van die mens van die twintigste eeu in die erediens, is deurlopend mee rekening gehou.
- As 'n teologiese kommunikasiehandelingswetenskap (sien Pieterse se artikel) is die liturgiek op 'n baie sinvolle wyse beoefen.

---

**Hazelett, R & Turner, D 1990 – Benevolent living: Tracing the roots of motivation to God**

Pasadena: Hope publishing house, Southern California Ecumenical Council. 429 bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Prof P S Dreyer**

Ateïsme is net so oud soos godsdiens. Rasionele ateïsme is ook net so oud soos 'n rasionele regverdiging van godsdiens. Tussen die twee uiterstes lê 'n byna oneindige spektrum van nuanseringe.

Die negentiende eeu was by uitstek die eeu van filosofiese ateïsme op die vasteland Europa, veral in Duitsland. In die Engelssprekende wêreld het dit weinig navolging ge-

vind. In Engeland en die hele Engelssprekende wêreld het 'n breë humanistiese religieusiteit ontstaan, wat 'n 'way of life' is vir enige ordentlike mens, veral vanselfsprekend vir enige selfgerespekteerde Engelsman. Hierdie mense het respek vir die Bybel, sonder om enige oordrewe waarde aan die gesag van die Bybel toe te ken. Die kerk is vir hulle belangrik, maar dit is minstens ewe belangrik om nie 'sektaries' te wees nie, dit wil sê, nie besondere waarde te heg aan 'n bepaalde kerk nie. Dit word dikwels uitgebrei sodat 'n mens ook geen besondere waarde aan die Christelike godsdiens heg nie. Die motief is dat godsdiens die mens help om 'n gelukkige en goedkeuringswaardige lewe te lei.

Hierdie religieusiteit het 'n geweldige literatuur opgelewer. Een van die goeie voorbeelde daarvan is *Benevolent living*.

Die skrywers is besonder wydbelese en ken selfs enkele boeke buite die Engelstalige wêreld, hoewel in vertaling. Hulle skryf 'n aangename, baie leesbare taal en stel hulle saak uitstekend. Soos die meeste Amerikaanse publikasies is die boek baie goed en aantreklik uitgegee.

Die kern van die boek word deur die skrywers self soos volg geformuleer: Deur die rede kan 'n mens verbind word in die deel van lewenswaardes. 'The work sets forth values and perspectives that cross over all ethnic, racial, cultural and religious boundary lines.' Die skrywers is Christene, maar 'their ecumenical hope is that all world religions, peoples and seekers might find new strenght and unity in an intelligent, informed affirmation of God's loving care'. Om dit uit te werk, is die boek geheel en al mens-georiënteerd. Dit gaan oor die mens se lewe in al sy verbande. Veral gaan dit oor die motivering van menslike handelinge, gemoedstoestande, verhoudinge en so meer. Die hoogste motivering is 'psychological hedonism' (bl 239), sodat hierdie motivering dan ook die hoogste norm word. Alles word beoordeel in die lig van die bydrae wat dit maak tot die mens se geluk. Die werk is 'n religieuse werk in dié opsig dat die skrywers deurgaans probeer aantoon dat hierdie geluk nie te vinde is wanneer 'n mens sy lewe en denke nie oor die grense van die ondermaanse tot by God (ongespesifiseer) in lyn bring nie. Sonder om negatief teenoor die Bybel te staan, figureer die Bybel nie werklik in die opset nie.

Vir mense wat van hierdie soort literatuur hou, kan hierdie boek sterk aanbeveel word.

---

**Du Plessis, I J 1990 – 'n Kykie in die hart van God**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 156 bladsye. Prys R42.00

**Resensent:** Prof S J Joubert

*'n Kykie in die hart van God* deur professor Isak du Plessis, hoogleraar aan die Universiteit van Suid-Afrika, oor die gelykenis van die verlore seun in Lukas 15 is 'n welkome toevoeging tot die immer groeiende plaaslike teologiese mark. Die outeur het homself reeds by wyse van vele vakwetenskaplike publikasies as 'n gesoute Nuwe-Testamentikus onderskei – 'n feit wat opnuut weer deur hierdie deeglik nagevorsde werk bevestig word.

Onlangse publikasies op die gebied van die gelykenisse reflekteer nuwe ontwikkelinge binne die veld van die Nuwe-Testamentiese wetenskap besonder noukeurig. Een van die grootste verdienstes van hierdie boek is dat dit dan ook goed daarin slaag om belangrike aspekte in hierdie verband op 'n bevatlike wyse vir sy beoogde leserskring, wat veral persone insluit wat op die drumpel van 'n meer gevorderde studie van die Nuwe Testament staan, aan die orde te stel. Nie alleen word 'tradisionele' benaderings tot die gelykenisse in hoofstukke een en twee breedvoerig bespreek nie, maar ook die vernaamste resente teorieë en modelle in dié verband.

In hoofstuk een bied Du Plessis 'n gesistematiseerde oorsig oor die geskiedenis van gelykenisnavorsing aan. Die allegoriese, moralistiese, historiese, hermeneutiese, literêre en kommunikatiewe benaderings word hier aangesny by wyse van kursoriese besprekings van die vernaamste eksponente van elk van die werkwyses. 'n Nuttige ekskurs oor die geskiedenis en huidige stand van gelykenisnavorsing op Suid-Afrikaanse bodem word ook aan die orde in hoofstuk een gestel. Die opbloei van literêre benaderings tot die Nuwe Testament in die tagtigerjare en die groot impak hiervan op interpretasies van die gelykenisse deur plaaslike Nuwe-Testamentici word veral duidelik aangetoon.

In hoofstuk twee evalueer die outeur die reeds bespreekte, asook 'n aantal ander metodes van gelykenisuitleg in terme van wat hy noem 'beperkte en bruikbare metodes'. Na sy vinnige afwysing van die allegoriese en moralistiese verklaringsmodelle neem hy die historiese, struktuur-analitiese en psigologiese benaderings onder die loep wat, na sy oordeel, noodsaaklike onderdele van 'n meer komprehensiewe benadering tot die interpretasie van die gelykenisse in die algemeen en Lukas 15 in die besonder behoort te vorm. 'n Bena-

dering wat tans baie prominensie onder Nuwe-Testamentici geniet en waaraan hier helaas geen dringende aandag gegee word nie, is die sosiaalwetenskaplike benadering. Die onlangse monografie van B B Scott op die gelykenisse, *Hear then the parables: A Commentary on the parables of Jesus* (Minneapolis: Fortress, 1989), waarin ruimskoots van sosiaal-wetenskaplike teorieë gebruik gemaak word, dien as 'n goeie voorbeeld in dié verband. Toegegee, Du Plessis beklemtoon wel die noodsaak van sosiale informasie in die verstaansproses en hy doen inderdaad ook moeite (veral in hfst 3) om bepaalde eersteeeuse sosiale gebruike rondom juridiese aspekte in die verhaal van die verlore seun aan die orde te stel. Maar 'n eksplisiete sosiaal-wetenskaplike analise van Lukas 15, waar die totale teks se wisselwerking tot sy (te gekonstrueerde) sosiale konteks aan die hand van sosiaal-wetenskaplike teorieë aan die orde gestel word, sou die waarde van hierdie werk des te meer verhoog het.

Teoretiese besinning oor en evaluerings van die gelykenisnavorsing beslaan 'n goeie twee derdes van hierdie boek. In hoofstuk drie vind dit uiteindelik neerslag in die uitleg van die gelykenis van die verlore seun self, waar 'n hele aantal hermeneutiese modelle aangewend word wat na die oordeel van die outeur sal laat reg geskied aan en 'ooreenstem met die mens as komprehensiewe wese wat met sy verstand en sy geloof sowel as sy emosies die werklikheid ervaar en beoordeel' (bl 104). Uit die relatief lang bespreking van onder andere die karakteruitbeelding, verhaalontwikkeling en die tema en plot van die gelykenis van die verlore seun blyk egter dat Du Plessis se metodologiese voorkeur tog by die narratologiese benadering lê.

In die uitleg van Lukas 15 word deurgaans en heel tereg ook, besondere nadruk geplaas op die feit dat ons hier met 'n religieuse teks te doen het en dat die positiewe verhouding tussen die intratekstuele verteller, naamlik Jesus, en die hoorder/leser van deurslaggewende belang is ten opsigte van die verstaan en effek wat die teks op laasgenoemde het. Terselfdertyd word die metaforiese en meta-kommunikatiewe aard van die gelykenis van die verlore seun, waar die hoorder/leser as 't ware met 'n nuwe van God komende werklikheid gekonfronteer word, duidelik in die bespreking uitgelig.

*'n Kykie in die hart van God* is 'n belangrike plaaslike bydrae tot die gelykenisnavorsing. Du Plessis slaag in hierdie werk goed daarin om sy weg te midde van die gevaarlike vaarwater van verskillende teoretiese modelle te vind. Sy komprehensiewe aanpak tot Lukas 15 onderstreep eweneens ook die noodsaak en waarde van 'n multi-dimensionele benade-

ring tot die Nuwe Testament. Tog sou 'n meer indringende bespreking van die gelykenis van die verlore seun self en ietwat minder klem op die standpunte van 'n legio navorsers, hierdie boek vir 'n veel wyer leserskring toeganklik gemaak het. Trouens, 'n mens kry die gevoel dat dit vir Du Plessis eerder om "n kykie in die hart van navorsers' gaan as om 'n 'kykie in die hart van God'. Miskien sou 'n subtitel tot die boek hierdie aspek in perspektief gestel het. Hoe dit ookal sy, in die geheel gesien kan *'n Kykie in die hart van God* met groot vrymoedigheid vir elke ernstige student van die Nuwe Testament aanbeveel word.

---

**Kotzé, P P A 1990 – Die brief van Jakobus**

Kaapstad: Lux Verbi. 216 bladsye. Prys: R56.50

**Resensent: Prof H A Lombard**

## 1. ALGEMEEN

1.1 Die publikasie van hierdie kommentaar is 'n gebeurtenis van groot belang vir Nuwe-Testamentiese studies in Suid-Afrika, aangesien dit die eerste in die nuwe reeks *Kommentaar op die Nuwe Testament* deur Suid-Afrikaanse teoloë is. Professor Pieter Kotzé word hiermee van harte geluk gewens en terselfdertyd ook bedank vir sy bydrae uit eie bodem.

Die boek is mooi versorg en dra die outeur se stempel in styl en sy bekwaamheid om met die rekenaar allerlei interessante en effektiewe litografiese aksies uit te voer.

1.2 Die outeur het homself goed verantwoord oor navorsing en die stand van sake ten opsigte van die Jakobusbrief (kyk hfst 2). Sy bibliografie bevat *80 titels* wat strek vanaf 1916 tot 1984.

1.3 Sy tegniek om op bladsy 12vv die struktuurmerkers in 'n beskrywende diagram aan te dui, is baie waardevol vir 'n voëlvlug-oorsig oor die hele brief. Dit is jammer dat hy nie gemeld het dat die syfers 1-17 bo-aan die diagram die perikope aandui nie.

Die diagram van *die* (sic! - i p v *'n*) makrostruktuur op bladsy 34 is ook 'n voltreffer, veral omdat dit op bladsye 35-38 opgevolg word met 'n beskrywing van hierdie makrostruktuur vandie Jakobusbrief. In hierdie diagram ontbreek die syfer 7 (by die lyne aan die regterkant) as aanduiding van die rubriek/tema van *begeerte*.

'n Punt van *kritiek* wat hier geopper moet word, is dat hierdie beskrywing van die makrostruktuur verkieslik in *formele* terme moes geskied

en nie in inhoudelike terme nie. Die rede hiervoor is dat die detaileksegese nog nie onderneem is nie (dit word eers in hfst 9 aangebied!) en die inhoud van die brief dus nog nie so duidelik bekend is nie.

Al logiese afleiding wat gemaak kan word, is dat die inhoudbeskrywing van die makrostruktuur geskied op grond van 'n parafrase, of 'n soort *prima facie* eksegese. Ek is seker dat dit nie die outeur se bedoeling en opset is nie.

1.4 Prof Kotzé hanteer die Suid-Afrikaanse tegniek van redevoeringsanalise op 'n baie bekwame wyse en implimenteer die teorieë en reëls van hierdie eksegetiese prosedure op 'n konsekwente en korrekte wyse. Hierdeur bied hy dus 'n voortreflike demonstrasie van hoe hierdie tegniek van omgang met 'n klassieke teks werk en wat die moontlikhede en beperkings hiervan is.

Hy gee ook op 'n kompetente wyse genoegsame aandag aan aspekte van grammatika, leksikografie ensovoorts.

Die struktuuranalises word telkens oorsigtelik voorgestel deur middel van netjiese diagramme wat die outeur van die brief se gedagtegang duidelik beskryf. Hierdie analises word op die vlakke van oppervlakte- en dieptestruktuur gedoen.

Die invoubladsye wat die volledige struktuuranalises van die onderskeie perikope bevat, is baie handig en hoogs aanbevelenswaardig.

## 2. BEOORDELING VAN BESONDERE ASPEKTE

Bogenoemde algemene opmerkings dien om hierdie publikasie by wyse van kritiese aanprysing onder die aandag van teoloë en predikante te bring. As die kommentaar op die Jakobusbrief in sy geheel in oënskou geneem word, is daar egter ook 'n paar sake waaroor vrywel ernstige kritiek uitgespreek moet word:

2.1 Volgens die outeur word die makrostruktuur vasgestel hoofsaaklik op grond van die struktuurmerkers en daarna op grond van die taal en styl (kyk § 1.4, bl 2). Daarna gaan hy op bladsy 19vv vanaf die struktuurmerkers direk oor tot die beskrywing van 'temas'. Verder word op grond van die inligting verskaf deur die struktuurmerkers voortgegaan om die 'oorheersende doel van die skrywer' vas te stel en apodikties gekonstateer dat die doelstelling van die brief 'geplaas [word] onder 'n allesoorheersende eskatologiese perspektief wat as voorveronderstelling vir die hele brief geld' (bl 19).

Die vraag is hier hoe sulke finale uitsprake oor die doel/intensie van die outeur gemaak word op hierdie stadium van die prosedure en ondersoek, dit wil sê voordat die detail-

eksegese en analises van die mikro- en makrostruktuur gemaak en beskryf is (selfs voordat Kotzé die verskynsel van herhalings van temas in § 4.1.4 behandel het – kyk bl 20vv)? Verder is die hele gedeelte oor temas en hulle herhalings (kyk bl 19-29) eintlik ook *prematuur* omdat te veel eksegetiese inhoud hieraan verleen word, sonder dat verwys word na of gebruik gemaak word van die detaileksegese wat eers in hoofstuk nege aan die orde kom.

Dit alles kom daarop neer dat te veel gewig aan die funksie van struktuurmerkers – dit is los woorde en hulle semanties-verwante begrippe – geheg word en dit ten koste van die in-diepte eksegese (detaileksegese en kommentaar). Eintlik kan 'n mens vra wat die sin en waarde van hierdie detaileksegese en kommentaar is, asook van hoofstuk nege, want alles is dan reeds in hoofstukke vier tot agt gesê!

2.2 Verder word daar ten opsigte van die bepaling van 'n makrostruktuur bepaal dat die struktuurmerkers 'reeds vae [sic!] lyne vir die makrostruktuur laat merkbaar word' (kyk bl 31). Dan word voortgegaan om op grond van hierdie 'vae lyne' *die* makrostruktuur volledig en finaal te bepaal en te beskryf. Hierdie beskrywing vind andermaal plaas sonder verwysing na of gebruikmaking van die struktuurontledings en detaileksegese in hoofstuk nege. Dit maak dat die pragtige diagram van die makrostruktuur en beskrywing daarvan op bladsye 34-38 *plat val* omdat dit heeltemal onvoldoende gesubstansieerd is.

2.3 Dieselfde kritiek geld ten opsigte van hoofstuk ses waar die boodskap van die Jakobusbrief geformuleer word. Hier word ook nie verwys na en gebruik gemaak van die detaileksegese nie. Daarom is dit wat in hoofstuk ses aangebied word hoogstens 'n parafrase van die inhoud van die brief wat neerkom op *prima facie* eksegese. Metodologies is dit onhoudbaar dat op hierdie stadium van die kommentaar sulke finale en apodiktiese bewerings aangaande die inhoud gemaak kan word. Dit maak hoofstuk nege heeltemal oorbodig en niks anders nie as *window dressing* om die metode van struktuuranalise uit te stal.

Ter toeligting van hierdie algemene punt van kritiek wys ek op die volgende sake ten opsigte van die 'boodskap': Die kernelemente van die boodskap van die Jakobusbrief word reeds in hoofstuk ses in finale vorm gegee. In hoofstuk nege word *eksegeties* eintlik niks nuuts aan hoofstuk ses toegevoeg nie. Al wat nuut is in hoofstuk nege is die uiters waardevolle toepassing van die boodskap van elke perikoop op die lewe en rol van die kerk/gelowiges in hulle bestaan in

konkrete situasies in die twintigste eeu. Hierin word aktuele vraagstukke op treffende wyse aangespreek, soos sosiale verhoudings, die vraagstuk van ryk en arm (met verwysing na bevrydingsteologieë en aanverwante sake), beproewing en volharding in eskatologiese perspektief, ware en valse godsdiens, diskriminasie teen vroue, kinders, sondaars en someer.

Die ernstige vraag is dus: Wat is die *resultaat* en *nut* van die reuse arbeid om struktuurontledings te doen en kommentaar te lewer (in *147 bladsye* van hfst 9) as dit alles reeds in hoofstuk ses bekend is en uitgespel word?

Ten opsigte van hoofstuk nege is daar ook nog 'n ander punt wat ten aansien van metodologie baie hinderlik is: Dit is dat Kotzé in die formulering van die boodskap (veral in hfst 9) buite die grense van sy teks (Jakobusbrief) tree en inligting en toeligting oor die inhoud van sy teks en oor die historiese *scenario* die res van die Nuwe Testament gaan byhaal en dit in die Jakobusbrief projekteer. Dit is *metodologies* 'n vraag of dit proseduregewys binne 'n teksimmanente paradigma van eksegese legitiem en in orde is.

2.4 Die bovermelde proses word as deurlopende verskynsel in hoofstuk sewe voortgesit waar selfs teologiese elemente van die boodskap van die brief geformuleer word – weer eens sonder verwysing na en inagneming van die arbeid en resultate van die detaileksegese. Daar word wel na die onderskeie perikope, kola en sub-kola verwys, egter sonder dat by wyse van enige vooruitverwysing die resultate van die detaileksegese, kommentaar en opmerkings oor taal en styl *as sodanig* in ag geneem word.

2.5 Ons het hier te make met 'n baie lastige geval van *methodological fallacy*. Dit is baie jammer, aangesien daar baie arbeid in hierdie kommentaar op die Jakobusbrief ingegaan het.

2.6 Op grond van hierdie kritiese beoordeling van die aanbieding, is dit nodig om by wyse van 'n finale punt van kritiek 'n voorstel te maak. Dit gaan oor die *herstrukturering* van die hele kommentaar.

*Metodologies* en *logies* beskou, word aanbeveel dat die struktuur van die kommentaar soos volg daar sal uitsien:

- HOOFSTUK 1
  Behou soos dit is.

- HOOFSTUK 2
  Behou soos dit is.

- HOOFSTUK 3
  Behou soos dit is.

- **HOOFSTUK 4**
  Taal en styl (m a w hfst 8).

- **HOOFSTUK 5**
  Struktuurmerkers (m a w hfst 4).

- **HOOFSTUK 6**
  Struktuurontleding, kommentaar en boodskap (m a w hfst 9).

- **HOOFSTUK 7**
  'n Makrostruktuur van die brief (m a w hfst 5). 'n Makrostruktuur word gekonstitueer op grond van struktuurontledings van perikope en detaileksegese soos in hoofstuk ses.

- **HOOFSTUK 8**
  Die boodskap, wat 'n sistematisering is van die boodskap van elke perikoop. Dit kan gedoen word deur die 'boodskap' van die bestaande hoofstuk ses met die 'boodskap' van elke perikoop in die bestaande hoofstuk nege te integreer (m a w 'n *aangepaste/bygewerkte* hfst 6).

- **HOOFSTUK 9**
  Teologiese elemente in die boodskap (m a w 'n *aangepaste/bygewerkte* hfst 7).

### 3. SLOTOPMERKING

Nogeens word groot waardering betuig vir die hoeveelheid werk van hoogstaande standaard wat professor Kotzé in hierdie kommentaar ingesit het, asook vir die bekwaamheid waarmee hy dit gedoen het. Om aan hierdie arbeid te laat reg geskied, behoort kennis geneem te word van die lastige elemente van *methodological fallacy* wat hierbo uitgewys is. Die kommentaar moet gelees en gebruik word met die veronderstelling en wete dat die massa relevante en onontbeerlike informasie in hoofstuk nege inderwaarheid geïnkorporeer is in die voorafgaande hoofstukke/komponente oor makrostruktuur, boodskap en teologiese elemente van die boodskap. Daarom plaas ek sy hoofstuk nege op die posisie van hoofstuk ses waar dit *logies* en *metodologies* hoort.

---

Breytenbach, C 1989 – Versöhnung: Eine Studie zur paulinischen Soteriologie

Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag. 260 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Dr G M M Pelser

Hierdie ondersoek na die versoeningsvoorstelling by Paulus val in vyf hoofdele uiteen, te wete:

- 'n Evaluerende oorsig oor die belangrikste bydraes wat daar in die navorsing oor hierdie onderwerp sedert die begin van die twintig-

ste eeu gemaak is;

* 'n Ondersoek na die voorkoms en betekenis van die verhouding tussen die lekseme δι-/καταλλάσσειν κτλ in onderskeidelik die Griekse literatuur van die Hellenistiese en keiserlike tyd, die Joodse geskrifte van die Hellenistiese en keiserlike tyd en die geskrifte van die vroeg-Christelike kerk;
* Die Pauliniese versoeningsuitsprake soos dit voorkom in 2 Korintiërs 5:11-6:10 (veral 5:14-6:2) en Romeine 5:1-11 (5:1v, 9-11) en 11:15;
* Die tradisiegeskiedenis van onderskeidelik die versoenings- (*Versöhnung*) en soeningsuitsprake (*Sühnung*) by Paulus;
* Die samehang tussen die Pauliniese versoeningsvoorstelle en sekere temas van die Pauliniese teologie.

## 1. FORMELE ASPEKTE

Hoewel hierdie boek betreklik ingewikkelde studiewerk bevat, is dit aangebied in 'n woordgebruik en styl wat dit nie vir die leser moeilik maak om die skrywer te verstaan nie. Die formele ordening van die stof en die aanbied van die navorsingsresultate is ook van so 'n aard dat die leser deurgaans bewus bly van die vraagstelling en op die hoogte gehou word van die doelwit van die ondersoek. Terwyl die outeur relatief baie gegewens uit verskillende bronne bymekaar gebring het, kry 'n mens nêrens die gevoel dat hy daardeur oorweldig word nie. Die rede hiervoor is dat deurgaans slegs relevante gegewens aangebied is en dat dit telkens op 'n goedgeordende wyse gedoen is.

## 2. SAAKLIKE ASPEKTE

Hierdie ondersoek kan sonder twyfel beskou word as een van die omvattendste werke oor hierdie onderwerp tot dusver. Veral wat die navorsing en navorsingsresultate betref wat onder afdeling twee na vore gekom het, het hierdie studie na my wete nie sy gelyke nie. Dit sal na alle waarskynlikheid nie oordrewe wees nie om te sê dat die outeur met hierdie intertekstuele ondersoek al die beskikbare en relevante bewysmateriaal uit die kontemporêre bronne versamel het. Die waarde en betekenis hiervan vir enige verdere bestudering van en besinning oor die versoeningskonsep by Paulus of ander Nuwe-Testamentiese geskrifte kan alleen in die positiefste terme gestel word. Die outeur het in hierdie opsig 'n besondere bydrae gelewer.

Dieselfde kan tot op groot hoogte gesê word van die outeur se eksegese van die betrokke gedeeltes waarin die versoeningsgedagte by Paulus voorkom. Hoewel daar nie op elke punt met sy eksegese saamgestem kan word nie, het hy ook hier met grondige studie vorendag gekom en 'n diep-

gang bereik wat 'n mens nie aldag teëkom nie. Net die outeur se waagmoed om die tradisionele interpretasies krities te evalueer en meer as een keer met 'n eie interpretasie na vore te kom, maak dit al die moeite werd om te lees wat hy aan te bied het.

## 3. BELANGRIKSTE BEVINDINGE

As van die belangrikste bevindinge van hierdie studie kan die volgende aangemerk word:

* Waar die lekseme δι-/καταλλάσσειν κτλ in profaan-Griekse literatuur vir die betekenis 'versoening' gebruik word, is dit deurgaans van nie-religieuse aard en het dit betrekking op die bewerkstelliging van versoening of vrede tussen twee strydende groepe of tussen twee persone wat in onenigheid met mekaar verkeer.
* In Hellenisties-Joodse literatuur (bv 2 Makk, Filo, Josefus) vind 'n mens in 'n paar gevalle wel ook 'n religieuse konnotasie tussen God en die volk, of God en 'n individu. God is egter telkens die een wat versoen word, wat dus gevra word om die mens(e) te vergewe en weer goedgesind te word, en nie die mense (soos by Paulus) nie.
* Geen aanduiding kon in enige van die genoemde literatuur gevind word dat waar versoening ter sprake is, dit deur 'n kultiese handeling gepaard- of voorafgegaan moes word nie. Daar is derhalwe nêrens sprake van enige betekenisverwantskap tussen δι-/καταλλάσσειν κτλ en (ἐξ)ιλάσκεσθαι κτλ nie en daarom ook nie daarvan dat eersgenoemde eers deur laasgenoemde moontlik gemaak word nie. Dit bevestig die feit dat die genoemde twee lekseme tot twee totaal verskillende semantiese velde behoort en nie albei gewoon met 'versoening' weergegee kan word nie. Slegs eersgenoemde het met *Versöhnung* (die herstel van 'n verhouding) te doen, terwyl laasgenoemde met *Sühnung* (die wegneem van sonde) te doen het.
* Die belangrikste rol wat die versoeningsmiddelaar (πρεσβύς, πρεσβεύς, δι-/καταλλακτής) normaalweg in die versoeningsgebeure vervul het, het vir Paulus die gulde geleentheid gebied om die onmisbare rol van die apostolaat en in die besonder sy eie apostolaat in die versoening van die mens met God te beklemtoon (πρεσβεύειν – 2 Kor 5:20).
* Dat die gedagte van versoening en soening onderskeidelik nie betekenisverwant is nie – ook nie in die Nuwe Testament nie – blyk ook uit die feit dat die twee voorstellings tradisiehistories uit verskillende vroeg-kerklike oorde

afkomstig is. Die versoeningsvoorstelling soos ons dit by Paulus aantref, het sy ontstaan in die Hellenistiese Christendom en meer bepaald in die Heidensending, terwyl die gedagte van die soendood van Christus, veral soos uitgedruk deur die ὑπέρ-formules, uit die Joodse Christendom kom, wat die motief op sy beurt uit Jesaja 53 en uit die Nagmaalswoorde van Jesus geneem het.

- Daar is egter geen aanduiding dat Paulus die soendood van Christus as 'n offerdood verstaan het nie; wel as 'n plaasvervangende (*stellvertretende*) dood. As plaasvervangende dood het dit die *Ermöglichungsgrund* van die versoening geword. 'Paulus interpretiert die Versöhnungsvorstellung so, daß Versöhnung durch den stellvertretenden Sühnetod Christi ermöglich wird' (bl 221).
- Versoening is by Paulus 'n eskatologiese realiteit. Dit maak die eskatologiese *Neuschöpfung* moontlik. Hoewel dit 'n handeling van God is wat in die verlede lê, is dit tegelyk ook nog 'n voortwerkende handeling van God. Dit hou nie slegs in dat God nie meer aan die sonde van die mensheid dink nie, maar ook dat Hy die mensheid nuut wil skep.

Dat hierdie boek 'n uiters leesbare en belangrike bydrae tot die 'versoenings'-debat is, kan nie betwis of betwyfel word nie. Voortgesette diskussie en studie oor hierdie onderwerp sal eenvoudig nie sinvol kan geskied met die verbygaan van hierdie bydrae nie. Dit word daarom sterk aanbeveel, nie alleen vir diegene wat besonder geïnteresseerd is in die onderwerp nie, maar vir alle teoloë wat uit die aard van hulle bedryf 'n interesse moet hê in die plek wat die versoeningsgedagte in die Pauliniese soteriologie inneem.

Die enigste gedeelte van die boek wat nie veel om die lyf het nie is deel vyf (die laaste deel) waarin die outeur gepoog het om die samehang tussen hierdie voorstelling en ander temas van die Pauliniese teologie aan te toon. Behalwe deur kortliks te stel dat die voorstelling verband hou met die *ekklesiologie* (deurdat die nuwe verhouding gestalte aanneem in die σῶμα χριστοῦ), die *apostolaat* (vanweë die πρεσβύς-rol van die apostel) en die *Christologie* (deurdat dit Christosentriese perspektiewe open vanweë die feit dat die versoening 'n daad van God ἐν χριστῷ is), het die outeur nie eintlik meer oor hierdie aangeleentheid te sê gehad nie. Hierdie leemte het die gevolg dat die studie nie kulmineer soos 'n mens verwag het dit sou nie. In die lig van die belangrike bydrae wat die outeur met die res van hierdie werk lewer, kan 'n

mens hom egter hierdie ietwat van 'n anti-klimaks vergewe.

---

**Du Rand, J A 1990 – Johannese perspektiewe: Inleiding tot die Johannese geskrifte**

Pretoria: Orion. 313 bladsye. Prys R46.00

**Resensent: Dr P J van Staden**

Hierdie publikasie van professor Du Rand, vroeër verbonde aan die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat en tans aan die Departement Bybelkunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit, is volgens homself 'die neerslag van agtien jaar se toegespitste navorsing op die Johannese geskrifte'. Dit 'het ten doel om die leser te oriënteer aan die Johannese Inleidingsvraagstukke, met 'n eie standpuntname na aanleiding van 'n evaluasie van die huidige stand van navorsing'. Die inhoud is vir twee jaar aan studente voorgehou om die bevatlikheid daarvan te toets. 'n Tweede deel, naamlik oor die teologies-etiese boodskap van die Johannese geskrifte word beplan.

In 'n voorwoord stel professor A B du Toit dat Du Rand vroeg in sy akademiese loopbaan die noodsaak van toespitsing op 'n spesifieke veld raakgesien en toegepas het. Vanaf sy doktorale studie het hy hom konsekwent op die Johannese studieveld ingegrawe en reeds intensiewe navorsing op al die onderhawige dokumente gedoen. Internasionale erkenning van sy vakgenote op die terrein van die Johannesnavorsing wys dat hy die vrugte pluk van hierdie benadering. Ek kan my volledig vereenselwig met Du Toit se uitspraak, naamlik dat hierdie eerste 'omvattende weergawe en bespreking van die jongste stand van die Johannese ondersoek...as 'n substansiële verryking van ons [Afrikaanse] teologiese literatuur' verwelkom moet word.

Hierdie werk is bedoel vir die meer ingewydes in die teologie, soos studente en predikante. Dit is duidelik uit die bespreking van begrippe soos 'tekspragmaties' (bl 169) en die gebruik van sinne soos 'die retoriese taalgebruik en transformasies tot 'n simboliese universum in Openbaring het die leser performatief betrokke gemaak by die teks' (bl 163). Ook die Griekse transkripsies is 'n aanduiding hiervan. Die gewone belangstellende Bybelleser hoef egter nie noodwendig uitgeskakel te wees nie.

Op die vlak van die formele versorging van die boek is daar 'n aantal handige hulpmiddels. In hierdie opsig kan melding gemaak word van die voorkoms van eers 'n verkorte en daarna 'n uitgebreide inhoudsopgawe

aan die begin van die boek, asook 'n inhoudsopgawe aan die begin van elke hoofstuk. Die literatuurlys aan die einde van elke onderafdeling bo en behalwe die omvattende literatuurlys aan die einde van die boek en die volledige teks- en sakeregister is ook handige hulpmiddels. Verdere formele pluspunte is die feit dat kernbegrippe in die teks vetgedruk is.

'n Hoë wetenskaplike peil word deurgaans gehandhaaf. In beide hoofstukke drie en vier is daar egter nie in die teks self erkenning gegee aan die artikel van A G van Aarde .oor die outeurskapvraagstuk van die Johannesevangelie in *Skrif en Kerk* 6, 45-62, 1985 nie. Erkenning word wel gegee in die gesamentlike literatuurlys van hoofstukke drie en vier op bladsy 96.

Ten einde hierdie boek goedkoper aan te bied, is dit op rekenaar voorberei en is die uitdruk net so gebind deur die uitgewer. Gevolglik ontbreek klemtone op alle vetgedrukte letters. Veral ten opsigte van Griekse transkripsies kan dit deur enkele lesers as 'n nadeel beskou word. Wat egter meer hinderlik is ten opsigte van die tegniese afronding, is die indruk van effense oorhaastigheid ten opsigte van sommige literatuurgidse deurdat spasies na punte en kommas wissel van nul tot drie (vgl bv bl 3: Howard, W F and Barrett,C K 1955. The...' met 'Nicol, W 1972. The....' In die literatuurgids op bladsy 33 is die Culpepper-bronverwysing verkeerdelik by die vorige ingevoeg. Die volgende tikfoute kom onder andere voor: 'liefling-dissipel' in plaas van 'lieflingdissipel' (bl 89), 5:16-13 in plaas van 5:6-13 (bl 155), 'fomele' in plaas van 'formele' (bl 124), 'hoofsaakliki' in plaas van 'hoofsaaklik' (bl 200), terwyl daar ook op bladsy 88 'n snaakse kringetjie in die teks beland het.

Die werk is verdeel in drie afdelings wat onderskeidelik handel oor die Johannesevangelie, die Johannese briewe en die Openbaring.

Die ses hoofstukke van die eerste afdeling (die Evangelie) word voorafgegaan deur 'n 'oriënterend[e]' gedeelte. Die Evangelie word beskryf as 'n teologiese getuigende interpretasie van Jesus se optrede en woorde in apellerende verhaalvorm met die hoofklem op die menswording van die Seun van God. Tereg word daarop gewys dat Johannes 20:31 die gees van die hele evangelieverhaal vertolk, naamlik dat die leser 'n beslissing moet maak ten opsigte van die hooffiguur, Jesus, die Seun van God en dat daar geen middeweg moontlik is nie.

Hoofstuk een handel oor wat kenmerkend is aan die Johannesevangelie. Dit moet eerstens soos 'n getuigende vertelling gelees word. Aangesien dit nie naakte feite beskryf nie, maar 'n historiese interpretasie is, moet daar erns gemaak word met die Johannesevangelie se teks as so-

danig asook met die moontlike historiese bedding waarin die Evangelie kon ontstaan het. Met die beskrywing van hierdie 'literêre en letterkundige benadering' as metode van verstaan en die kort uiteensetting van hoe die narratiewe eksegese in die Evangelie gebruik kan word, laat die skrywer blyk dat hy op hierdie gebied 'n kundige is wat sy deeglike navorsingsresultate op 'n eenvoudige wyse kan weergee. Dit geld ook die opmerkings oor taal en styl en ander opvallende kenmerke soos die Johannese dualisme, die Jesusbeeld, die waarde van wondertekens in die bekendmaking van die identiteit van Jesus, die Heilige Gees as Parakleet, eskatologiese klemtone, simboliek, misverstand en ironie en die besondere gebruik van die Ou Testament.

In hoofstuk twee word die invloed van die denkwêreld van destyds op die Evangelie eerstens bespreek en oortuigend gekies vir groter beïnvloeding van Joodse kant sonder die miskenning van die Hellenistiese. Vervolgens word na die bespreking van 'n aantal moontlikhede die doel tereg beskryf as 'n bemoediging aan Christene uit die Jodedom en heidendom en spesifiek aan 'n sogenaamde Johannese gemeenskap waarin die Jesus-tradisie op 'n eiesoortige wyse geïnterpreteer is. Sy slotsom, na 'n bespreking van die waarskynlike ontstaanstyd (en -plek) van die Evangelie (90-100 nC) is ook oortuigend.

In hoofstuk drie word onder die opskrif 'outeurskap' die hele probleem van die geliefde dissipel wat beide as 'n historiese persoon (nie een van die twaalf nie) en as simbolies van die lojale en getroue navolger van Jesus beskou moet word, bespreek. Ook die vertellersperspektief van die outeur-leser word onder die loep geneem.

In hoofstuk vier word eers die samestelling en daarna verskillende verklaringsmoontlikhede vir die ontstaan van die Evangelie bespreek ten opsigte van onder andere die bronne en die ontwikkelingsfases.

Hoofstuk vyf het as tema die indeling van die inhoud en die verhaalgang terwyl hoofstuk ses fokus op die verhouding tussen die Sinoptiese Evangelies.

Ook in afdeling twee (die Johannesbriewe) word dit duidelik dat die skrywer ingegrawe is in die nuwere literatuur oor die Briewe. 'n Aantal belangrike geleerdes se menings word in hierdie veertig bladsye wel genoem maar miskien te kort beskryf.

In hierdie afdeling word die volgende temas in hoofstukke sewe tot twaalf onder die loep geneem: die kanongeskiedenis, die literatuursoort, die Griekse teks en die tipering van die redeneerstyl, moontlike ontstaansituasies, die verhouding tot die Johannesevangelie en die teenstanders se leer, optrede en identiteit.

Ten opsigte van die indeling en opbou (hfst 13) word gekies vir 'n driedeling (uitgesluit die proloog en epiloog). Hierdie indeling bevredig nie, want dit is ingewikkeld en verskil van alle ander huidig-erkende indelings.

In die derde afdeling wat handel oor die Openbaring van Johannes, word die begrippe 'apokaluptiek, apokaluptisme en apokalipse' omskryf. Daarna word die eienskappe van apokalipse in die algemeen bespreek en word die Openbaring van Johannes daaraan getoets (hfst 14). Hoofstuk vyftien handel oor die outeur, die ontstaansplek en -tyd en die sosio-historiese situasie. Hoofstuk sestien bespreek die besondere wyse waarop Openbaring sy boodskap aanbied, naamlik deur simboliek, apokaliptiese retoriek en 'n eiesoortige taalgebruik. Vervolgens word daar aangetoon hoe die boek in die verlede verklaar is, en hoe dit tans verklaar behoort te word (hfst 17) en laastens hoe dit ingedeel behoort te word (hfst 18).

Soos reeds uit die voorafgaande duidelik geword het, spreek hierdie resensie van 'n groot waardering vir die werk van Du Rand in die Johannese navorsingsveld. Hierdie publikasie (in Afrikaans) kan met groot vrymoedigheid aanbeveel word.

---

**Krimmer, H 1989 – Bibelkommentar, Band 21: Johannesbriefe**

Neuhausen-Stuttgart: Hänssler. 192 bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Dr P J van Staden**

Hierdie werk is deel van 'n nuwe kommentaarreeks wat deur Doktor Gerhard Maier uitgegee word. Dit is jammer dat daar weinig vermelding is van wie Doktor Krimmer is (en met watter gesag hy oor die Johannesbriewe kan skryf). Ten opsigte van die doel van die werk word wel op die agterblad aangetoon dat dit beskou kan word as 'eine unentbehrliche Arbeitshilfe für Pfarrer, Prediger, Mitarbeiter in der Gemeinde, ehrenamtliche Jugendleiter, Lektoren, biblisch interessierte Laien, Hauskreise....'

Tegnies is die werk baie goed versorg met 'n aantreklike hardebandomslag en so ver ek kon vasstel geen tikfoute nie. Die taal is keurig en lees maklik.

Elkeen van die drie afdelings wat handel oor die drie Johannesbriewe, begin met 'n kort inleiding van onderskeidelik drie, een en een bladsye. Na die inleiding volg daar telkens van elke perikoop 'n vers-vir-vers-uitleg, gevolg deur 'n 'Vorschlag zur Bibelarbeit'. Die ongeveer vier inleidende vrae tesame met 'n preekskets waaruit laasgenoemde telkens bestaan,

kan sinvol wees om die leser tot verdere denke oor die betekenis van elke gedeelte te stimuleer.

Op hierdie punt eindig die positiewe beoordeling van hierdie boek egter. Dit blyk deurentyd dat die outeur nie naastenby genoeg kennis geneem het van die navorsing oor die Johannese literatuur nie. Dit blyk reeds uit die inleiding by elk van die drie briewe waarin hy simplisties die apostel Johannes as outeur aandui en die dwaalleraars aan Cerinthus, wat heelwaarskynlik veel later gelewe het, koppel. Die groot leemte van die werk is egter veral die onvermoë van die outeur om die tipiese Johannese gebruik van sekere begrippe na vore te bring. In hierdie opsig kan melding gemaak word van 'vreugde' (bl 23), 'waarheid' (bl 29), 'wêreld' (bl 39), 'mag nie sondig nie' (bl 37), 'ou gebod' (bl 46), 'kinders van die Vader' (bl 53, 55), 'sien' (bl 57), 'leuen' (bl 124) ensovoorts. In plaas daarvan om die geladenheid wat begrippe soos bogenoemde in die Johannesevangelie het, te verdiskonteer, word telkens 'n lang lys van die voorkoms daarvan reg deur die Bybel weergegee.

Ten opsigte van die problematiek van die struktuur van die eerste Brief probeer hierdie werk geen bydrae lewer nie. Nie een van die menige strukture wat reeds deur geleerdes voorgestel is, word nagevolg nie. In plaas daarvan word die perikoop-indeling so gedoen dat die opskrif telkens begin met 'Christus'. Die opskrifte vertoon derhalwe 'n kunsmatige geforseerdheid, byvoorbeeld 1 Johannes 3:11-18 wat duidelik handel oor die noodsaaklike verband tussen liefde en die (ewige) lewe, het as opskrif 'Christus wil die broederliefde'. Dit is duidelik dat die eerste Johannesbrief vir die outeur geen sentrale boodskap en deurlopende lyn het nie. Die gevolg hiervan is dat belangrike sleutelwoord wat oorgange na volgende gedagte-eenhede aandui en wat so tipies van die Brief is, nie verdiskonteer word nie.

Die geforseerdheid ten opsigte van die opskrifte van die perikope geld ook die tweede en derde Brief waar die sleutelwoorde onderskeidelik 'liefde' en 'broederskap' is.

Ten slotte kan die volgende opmerking gemaak word: Dit sal sekerlik niemand enige kwaad aandoen om hierdie werk te lees nie. Vir die leser wat egter meer van die besondere aanslag van die outeur van die Johannesbriewe wil verstaan, is daar ander publikasies wat voor hierdie een gelees kan word.

**Graham, B 1990 – Die Kraft des Heiligen Geistes empfangen**

Neuhausen-Stuttgart: Hänssler-Verlag (Telos-Bücher: 1325). 229 bladsye. Prys DM 19.80

**Resensent:** Dr I W C van Wyk

## 1. KWANTITATIEWE ASPEKTE

1.1 Die boek bestaan uit die volgende hoofstukke: 'Wie is die Heilige Gees?', 'Die Heilige Gees en die verlossing', 'Die vraag na die doop met die Heilige Gees', 'Die innerlike stryd van die Christen', 'Die volheid van die Heilige Gees', 'Hoe 'n mens deur die Heilige Gees vervul word: Sonde teen die Heilige Gees', 'Die gawes van die Gees', 'Verdere gawes van die Gees', 'Die tekens van die gawes', 'Die vrugte van die Gees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, trouheid, sagmoedigheid, kuisheid', 'Die nood van die uur'.

1.2 Die lengte van die hoofstukke wissel almal tussen sewe en sestien bladsye.

1.3 Daar kom slegs vyftig verwysings uit slegs vyf en veertig bronne voor, waarvan die meeste nie-akademiese werke is.

1.4 Feitlik elke hoofstuk begin met 'n aanhaling wat deel is van 'n vertelling of 'n verhaal; waarop dit neerkom: teologie as verhaalkuns!

## 2. KWALITATIEWE ASPEKTE

2.1 In die voorwoord lees 'n mens met groot verwagting dat Billy Graham begin deur te sê dat Pous Johannes en Karl Barth hulle nakomelinge en opvolgers aangemoedig het om die leer oor die Heilige Gees meer te beklemtoon. 'n Mens sou dus verwag dat Graham dan tog op een of ander wyse by Barth, wat baie bekend was aan hom, sou aansluit. Graham doen dit nie, aangesien dit wat hy meen, oor die Heilige Gees te sê is, duidelik uit die Bybel afleesbaar is. Hy stel dit ook duidelik dat hy nie 'dogmaties' gaan raak nie, want dan begin 'n mens die waarheid verloor. Dus stel hy nie 'n dogmatiese besinning voor nie, maar 'n waarneming van die werk van die Gees in ons tyd.

2.2 Die onverstaanbare van Graham is dat hy as 'n 'Bybelse' teoloog wil bekendstaan, maar tog baie min met die Bybel self worstel as gevolg van sy godsdienstige voorverstaan van die Bybel. Ook die persoon en die werk van die Heilige Gees laat hy by 'n sentrale tese inpas, wat soos volg lui: Die mens is 'n sondaar. Deur sy sondige dade en wil is hy besig om die geskiedenis op 'n katastrofe te laat af-

stuur. Dit is God se wil en ook die mens se verantwoordelikheid om hierdie katastrofiese geskiedenis 'n wending te gee. Die mens moet dus tot bekering kom sodat hy met die gawes van die Gees toegerus kan word vir die stryd teen die bose. Die bekeerlinge kan gemotiveer word deur die sekerheid van die oorwinning. Hierdie oorwinning het nie net op Golgota plaasgevind nie, maar vind vandag nog steeds plaas deur die morele aktiwiteite van die Christendom. Deur die werking van die Gees in die wêreld te aanskou en dit oor te vertel, vervul die teoloog sy taak en roeping. Dus, nie die eksegetiese en dogmatiese worsteling met die Woord nie, maar die beskrywing van gebeure binne die Christendom is die teoloog se taak en daarom ook die sentrale intensie van hierdie boek.

2.3 Dit is dalk tog goed dat 'n mens ook 'n boek soos hierdie sal lees, nie om dogmaties geprikkel te word nie, want hierdie boek is nie van veel dogmatiese waarde nie, maar om weer duidelikheid te kry oor die leser se eie dogmatiese vertrekpunte. Dit is ook verder goed om hierdie boek te lees sodat ons deur die skrywer gemotiveer en geïnspireer kan word vir die taak waarvoor ons geroep is.